# HOOFSTUK 1

## *DIE BRITSE KONNEKSIE: 'N POLITIEKE TWISPUNT*

## 1.1 INLEIDING

Die sentrale tema van hierdie proefskrif handel oor Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gedurende die dertigerjare van die twintigste eeu. Die ontvoogdingsproses was sedert die negentiende eeu 'n kontensieuse saak.

Aan die begin van die negentiende eeu het die Britse owerhede hul kultuur op die inwoners van die Kaapkolonie oorgedra. Hierdie kultuuroordrag het 'n botsing meegebring, aangesien daar reeds eiesoortige kulture aan die Kaap ontstaan het.[1]

Uit die kultuuraanraking kom twee denkrigtings na vore wat lank die politieke toneel in Suid-Afrika sou oorheers. Die twee denkrigtings staan bekend as Afrikaner-nasionalisme en Britse Ryksgesindheid. Eersgenoemde idee kan só omskryf word: "Afrikaner nationalism in the broad sense refers to the belief system of the Afrikaner as it manifests itself over a long period in those instances which could be interpreted as crucial examples of the Afrikaner group consciousness."[2] Hierteenoor het Britse Ryksgesindheid die strewe om Britse gesag in verskeie wêrelddele te vestig, in stand te hou en uit te brei, weergegee.[3]

## 1.2 DIE BRITSE KONNEKSIE: 'N POLITIEKE TWISPUNT

Die Groot Trek en daaropvolgende Republiekstigting in die binneland het daartoe bygedra om Afrikaner-nasionalisme 'n belangrike faktor in Suid-Afrika se geskiedenis te maak. Afrikaner-nasionalisme het met Brittanje se anneksasie van Basoetoland en die diamantvelde momentum gekry. Dit het in 1877 met die Britse anneksasie van Transvaal in groeikrag toegeneem en met die Eerste Vryheidsoorlog

---

1 J.G. Kellas, *The politics of nationalism and ethnicity*, p.126.

2 J. Degenaar, *Afrikaner nationalism*, pp.3-5; vgl. L.L. Snyder, *Varieties of nationalism: a comparative study*, p.25; C.F.J. Muller, *Die Britse owerheid en die Groot Trek*, pp.81-89.

3 A.L. Burt, *The evolution of the British Empire and Commonwealth*, p.443; vgl. G.J.D. Duvenage, *Imperialisme en nasionalisme: kerngeskiedenis van Suid-Afrika, 1888-1948*, p.8; C.F.J. Muller, *Die Britse owerheid en die Groot Trek*, pp.180-220.

in 1880-1881 volle wasdom bereik, aldus Van Jaarsveld.[4] Hy het die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme as 'n reaksionêre beweging teenoor Britse Ryksgesindheid beskou.

In die negentiende eeu sou 'n reeks gebeure die botsing tussen Britse Ryksgesindheid en Afrikaner-nasionalisme op die spits dryf. Die ontdekking van goud en diamante op verskeie plekke in die binneland, die dreigende gevaar van talle onrustige swart stamme en die moontlikheid dat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat deur middel van 'n eie hawe kontak met die buitewêreld kon opbou, het Britse Ryksgesindes oortuig dat anneksasie van die Republieke Britse belange die beste sou dien.[5] Gevolglik is die ZAR in 1877 deur Brittanje geannekseer. Dit het soveel spanning tussen die burgers van die eertydse Republiek en die Britse Regering meegebring, dat dit in 1880 tot die Eerste Vryheidsoorlog gelei het. Die oorlog is in 1881 deur die Konvensie van Pretoria beëindig. Dit het beteken dat Transvaal sy soewereine onafhanklike status kwyt was. Hoewel die Konvensie van Londen in 1884 die naam ZAR herstel het, is Transvaal steeds sy Republikeinse status ontsê. Die wrywing tussen die Transvalers en die Britse Imperialiste was dus aan die toeneem.[6]

Paul Kruger, die President van die ZAR en simbool van Afrikaner-nasionalisme, het in die laat negentiende eeu met Britse Ryksgesindes, wat Transvaalse grondgebied wou hê, in botsing gekom. Cecil John Rhodes, die Eerste Minister van die Kaapkolonie en simbool van Britse Ryksgesindheid, het vroeg in 1896 die Jameson-inval teen Transvaal geloods. Die gevolge was verreikend. Nasionalisme het opgevlam en Afrikaners teen die ontplooiing van Britse Ryksgesindheid saamgesnoer.[7]

In die Jameson-inval lê ook die wortels van 'n tweede Vryheidsoorlog vir die Afrikaners in die twee Boererepublieke. Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) loop

4 F.A. van Jaarsveld, "Die ontstaan van Afrikaner-nasionalisme 100 jaar gelede", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 20, no. 3, Sep. 1980, p.220.

5 G.D.J. Duvenage, *Imperialisme en nasionalisme ...*, p.33; vgl. C.W. de Kiewiet, *The imperial factor in South Africa: a study in politics and economy*, p.103.

6 G.J.D. Duvenage, *Imperialisme en nasionalisme ...*, p.8.

7 I.C.B. Seaman, *Victorian England: aspects of English and imperial history, 1837-1901*, pp.386,387,399; vgl. ook D.W. Krüger, *Die Britse imperialisme: post mortem van 'n teenstander*, {Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing IV, 22 Mrt. 1974}, pp.11-15; R. Muir, *The expansion of Europe: the culmination of modern history*, pp.223,224.

egter op die vernietiging van die Republikeinse onafhanklikheid uit en tydens die Vrede van Vereeniging word Britse opperheerskappy aanvaar. Die vestiging en uitbouing van hierdie opperheerskappy was juis die doelwit wat sir Alfred Milner, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, sedert 1897 nagestreef het.[8] Na afloop van die oorlog het Milner se planne duidelik aan die lig gekom. Hy wou deur 'n bewuste verengelsingsprogram verseker dat Suid-Afrika 'n deel van die Britse Ryk bly. Volgens hom sou die daarstelling van 'n Britse Imperiale Raad verhoed dat die Britse Ryk disintegreer.[9]

Hoewel Milner se doel om die Britse Ryk behoue te laat bly wye steun geniet het, was sy plan om 'n Britse Imperiale Raad te stig vir baie Suid-Afrikaners onaanvaarbaar. Vir diesulkes sou die stryd om vryheid opnuut begin.

In hierdie stryd het hulle strewe na selfbeskikking reeds in 1903 onder Transvalers begin sigbaar word. In Julie van daardie jaar het hulle op 'n vergadering in Heidelberg verskeie besware teen Milner se imperiale beleid aangeteken. Hierdie besluite van die ontevrede Transvalers is bestempel as "the first fusillade in the fight for self-government".[10] Die stryd om selfregering in Transvaal is deur onder andere twee erkende leiers, Louis Botha en Jan Christiaan Smuts, aangevoor.

Botha het in April 1904 tydens 'n vergadering in Fordsburg aangekondig dat hy beoog om 'n kongres vir Boere byeen te roep. Op hierdie kongres is daar aangedring op selfregering vir beide Transvaal en die Vrystaat. Die aandrang op selfregering was ook onder Engelssprekendes aanwesig. Onder voorsitterskap van Harry Solomon het hulle op 'n vergadering in Potchefstroom geëis dat selfregering onmiddellik aan Transvaal toegestaan word.[11]

Benewens Botha en Solomon, waarna hierbo verwys is, het Smuts ook 'n belangrike rol gespeel om Milner se idee van 'n Imperiale Raad teë te gaan. Hy het reeds vroeg in 1904 die totale omverwerping van die Milnerbewind beplan.[12] Om daarin te kon slaag, moes die Liberale Party in Engeland, onder leiding van sir Henry

---

8 L.M. Thompson, ***The unification of South Africa, 1902-1910***, pp.5-7.

9 L.M. Thompson, ***The unification of South Africa*** ..., p.5.

10 W.K. Hancock, ***Smuts 1: the sanguine years, 1870-1919***, p.194; vgl. L.M. Thompson, ***The unification of South Africa*** ..., p.21.

11 L.M. Thompson, ***The unification of South Africa*** ..., pp.21,22.

12 W.K. Hancock, ***Smuts 1: the sanguine years*** ..., pp.175 e.vv.

Campbell-Bannerman, aan bewind kom, aangesien die party 'n simpatieke oor vir die ondersteuners van selfregering sou hê.[13]

Smuts het 'n memorandum met 'n pleidooi vir selfregering aan die Britse bewindhebbers voorgelê. Nadat Smuts Henry Campbell-Bannerman, die nuwe Britse Eerste Minister, oortuig het van sy standpunt, het hy triomfantlik uitgeroep: "That talk settled the future of South Africa."[14]

Smuts het die toekoms van Suid-Afrika anders as Milner gesien. Volgens Smuts was die toestaan van selfregering aan Transvaal 'n belangrike stap in die rigting van volwaardige onafhanklike status. Vir Milner was dit 'n gevaarteken wat daarop gedui het dat die Britse Ryk besig was om te disintegreer. Politieke partyvorming was die aangewese weg ten einde vergestalting aan politieke sienswyses in verband met die Britse konneksie te gee.

In Transvaal was die klimaat aan die einde van 1904 gunstig vir die stigting van politieke partye. In November is twee Britse partye gestig. Terwyl die Transvaal Progressive Association onder leiding van sir George Farrar deur 'n gemeenskaplike vrees vir Afrikaner-nasionalisme saamgesnoer is, het die ander party, die Transvaal Responsible Government Association onder leiding van E.P. Solomon en H. Solomon, met hul strewe na die toekenning van selfregering aan Transvaal aanklank gevind by Afrikaners wat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie bepleit het.[15]

Benewens hierdie twee partye het daar in Januarie 1905 onder Afrikaanssprekende Transvalers die Het Volkparty onder leiding van Botha ontstaan. Hierdie party het 'n beleid van konsiliasie tussen alle blanke Suid-Afrikaners voorgestaan.[16] Transvalers het in Maart 1905 verantwoordelike bestuurstatus gekry. In Julie 1906 het die Het Volkparty die Progressiewe Party die loef by die stembus afgesteek en is Botha as Eerste Minister aangewys.

---

13 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force, 1919-1950***, p.5.

14 G.H.L. le May, ***British supremacy in South Africa, 1899-1907***, p.185; vgl. O. Geyser, ***Hertzog en Smuts: 'n herevaluering***, (Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XVIII, 28 Sep. 1989), pp.7,8.

15 G.H.L. le May, ***British supremacy in South Africa ...***, pp.171,172.

16 B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika, 1910-1976***, p.2.

Vrystaters het in Julie 1905 in Bloemfontein onder leiding van hul erkende leier, generaal J.B.M. Hertzog, die Orangia Unie gevorm. Hierdie party was sterk teen Milner se verengelsingsbeleid gekant. Hulle het op 'n gelyke status vir Afrikaans in hul skole aangedring.[17]

Onder leiding van John Fraser het sommige Engelssprekendes in Januarie 1907 in Bloemfontein die Constitutional Party, wat gekant was teen die toestaan van selfregering aan die Vrystaat, gestig. Op 5 Junie 1907 het die Vrystaters wel verantwoordelike regeringstatus ontvang. Met die verkiesing van November 1907 was die Orangia Unie die sterkste party by die stembus. Abraham Fisher is na die verkiesing as Premier aangewys.[18]

John X. Merriman het in 1908 die verkiesing in Kaapland vir die SAP gewen. Dit het meegebring dat Afrikaners in drie provinsies, naamlik Transvaal, Vrystaat en Kaapland polities in beheer was. Merriman het getoon dat hy nie oor die Britse konneksie begaan was nie. In 1908 het hy voorgestel dat die appèl na die Britse Geheime Raad afgeskaf moes word.[19]

Uit hierdie ontwikkelings het daar vanaf 1902 twee rigtings in die Suid-Afrikaanse politiek begin uitkristaliseer. Terwyl een groep steeds Republikeinse onafhanklikheid nagestreef het, het 'n ander gemeen dat dit in Suid-Afrika se belang sou wees om onder Britse gesag te ontwikkel.[20] Die strewe na eenheid vir die vier Britse kolonies het hierdie twee denkrigtings voorlopig onder die oppervlak van die Suid-Afrikaanse politiek gehou.

Na Uniewording op 31 Mei 1910 het Suid-Afrika se posisie binne die Britse Ryk weer op die agenda van Suid-Afrikaanse en Britse politici verskyn. In hierdie opsig is dit belangrik om daarop te let dat eertydse Britse kolonies soos Suid-Afrika, Kanada, Newfoundland, Australië, Nieu-Seeland en die Ierse Vrystaat met 'n

---

17 B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika ...*, p.2.

18 D.W. Krüger, *South African parties and politics, 1910-1960*, p.ix.

19 D.W. Krüger, *Die Britse imperialisme: post mortem ...*, p.11.

20 M. Nathan, *The South African Commonwealth: constitution, problems and social conditions*, pp.207-210.

verantwoordelike regeringsvorm as dominiums van die Britse Ryk bekend geraak het.[21]

Generaal Louis Botha, Suid-Afrika se Eerste Minister, het op 12 Julie 1910 sy standpunt oor hierdie konstitusionele posisie van Suid-Afrika in Johannesburg uiteengesit. Volgens hom het Suid-Afrika aan 'n Ryk behoort en die volk moes saamwerk vir hul Koning en Ryk.[22]

S.C. Buxton, een van Botha se biograwe, het dit só opgesom: "Botha believed it was in the interest of his country and of his own white race, as well as an obligation of honour that the Imperial connection should be maintained and that the Union should remain an integral part of the British Empire."[23]

'n Rykskonferensie is in 1911 in Londen belê. By die geleentheid het sir Joseph Ward, die Nieu-Seelandse Premier, 'n Ryksplan voorgestel waardeur Brittanje beheer oor die dominiums se verdediging en buitelandse beleid sou uitoefen. Hiertoe was die meeste dominiums en Brittanje ongeneë. Dié plan het gevolglik deur die mat geval. Dit was reeds in 1911 duidelik dat Nieu-Seeland meer klem op Rykseenheid as die ontwikkeling van nasionale belange van dominiums geplaas het.

Die Rykskonferensie het 'n voorstel aanvaar dat dominiums vooraf sou kennis dra van enige voorgenome onderhandeling of kontrak met ander lande. Hiermee is die saadjie vir die betrokkenheid van dominiums by die vorming van 'n gemeenskaplike buitelandse beleid vir die Britse Ryk geplant.[24]

Wat moes Suid-Afrika doen as Brittanje in 'n oorlog betrokke raak? Hierdie vraag moes Botha in Londen met die bywoning van die Rykskonferensie beantwoord. ***De Volkstem***, die blad wat Botha ondersteun het, was die mening toegedaan dat Suid-Afrika die reg gehad het om in só 'n oorlog neutraal te wees.

---

21 A.E. Hogan & I.G. Powell, ***The government of Great Britain and the dominions beyond the seas***, p.200; A.B. Keith, ***The sovereignty of the British dominions***, p.2; M. Nathan, ***The South African Commonwealth ...***, p.3.

22 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.15.

23 S.C. Buxton, ***General Botha***, p.182; vgl. F.V. Engelenburg, ***Generaal Louis Botha***, p.254.

24 J.A. Williamson, ***A short history of British expansion: the modern Empire and Commonwealth***, pp.263,264.

Botha het egter anders gemeen. Hy het hom reeds verbind om in geval van oorlog tussen Duitsland en Engeland Duits Suidwes-Afrika binne te val. Só 'n belofte van steun aan Engeland het hy aan beide Lloyd George en Winston Churchill gemaak. Hy het sy verleentheid oor ***De Volkstem*** se houding ook aan 'n oud-president van die Vrystaat, M.T. Steyn, in 'n brief verduidelik. Volgens Botha sou 'n neutrale Suid-Afrika die Engelssprekende publiek die harnas inja. Boonop sou Suid-Afrika in so 'n geval sy hawegeriewe vir beide Engeland en Duitsland moes beskikbaar stel. Botha was van mening dat neutraliteit die vonk vir 'n burgeroorlog ingehou het. Gevolglik was hy oortuig dat 'n standpunt van neutraliteit sou meebring dat hy op sy woord moes teruggaan, dat hy Engeland in die steek moes laat en dat sy eie land in 'n gevaarlike posisie sou beland.[25]

Generaal J.B.M. Hertzog, Minister van Justisie in Botha se Kabinet, het ernstige meningsverskille oor die vertolking van die Britse konneksie met sy leier geopenbaar. Hertzog het die Ryk en die Koning se belange ondergeskik aan die belange van Suid-Afrika geag. Op 7 Desember 1912 het Hertzog by De Wildt, in die Rustenburgomgewing, sy standpunt onomwonde gestel: "Imperialisme is voor spreker net goed, voorzover het dienstig is voor Zuid-Afrika. Waar het in botsing kom met die belangen van Zuid-Afrika is hy er een besliste tegenstander van."[26]

Botha was van mening dat Suid-Afrika se belange nooit met die van die Britse Ryk hoef te bots nie. Hy het self die Unie se belange eerste gestel, maar het geglo dat Suid-Afrika ten volle binne die Ryk kon ontwikkel.[27]

Botha het reeds tydens die Tweede Vryheidsoorlog sy konsiliasiebeleid gekonstrueer. Daarmee het hy beoog om die Afrikanerdom te herenig. Hensoppers en National Scouts moes vir hul dade vergewe en deur hul mede-Afrikaners aanvaar word. Daardeur sou die antipatie tussen Boer en Brit uit die weggeruim word en in die proses sou "ware Suid-Afrikaners" na vore tree. Hierdie samesmelting tussen Afrikaner en Engelsman moes oor die hele Suid-Afrika strek. Só, het Botha voorsien, sou Suid-Afrika 'n getroue lid van die Britse Ryk kon bly.[28]

---

25 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.201,202.

26 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 2: Mrt. 1910 - Mrt. 1913, {Hertzog se toespraak op De Wildt, 7 Des. 1912}, p.283.

27 J. Meintjies, ***General Louis Botha: a biography***, p.193.

28 J. Meintjies, ***General Louis Botha*** ..., pp.130,131.

Hierdie konsiliasiebeleid het wel die politieke mag in die hande van die Afrikaner geplaas, dog die simbole van daardie mag was in die Britse Koning, vlag en Ryk gesetel. Hoewel Botha en Smuts nie dáároor bekommerd was nie en slegs vryheid vir Suid-Afrika wou verkry, het baie Afrikaners gevoel dat vryheid net met Suid-Afrikaanse simbole geassosieer kon word.[29]

Vir Hertzog moes die Britse konneksie en die eenheid van die Britse Ryk nooit die weg na onafhanklike status belemmer nie.[30] Hierteenoor het sir Thomas Smartt, die leier van die Unionisteparty, onbeskroomd gesê dat hy die Ryk se belange bokant dié van die Unie gestel het.[31]

Generaal Hertzog se De Wildt-toespraak het die konstitusionele verskille in verband met Suid-Afrika se posisie in die Britse Ryk op die spits gedryf. Kolonel George Leuchars, Minister van Handel en Nywerheid, het nie kans gesien om voortaan saam met Hertzog in dieselfde Kabinet te dien nie. Die uiteinde was dat Botha die Kabinet ontbind en daarna hersaamgestel het. Hertzog en Leuchars is gevolglik uitgelaat.[32]

Die visie wat Hertzog by De Wildt gestel het, het Suid-Afrika se Britse konneksie onmiskenbaar onder die politieke vergrootglas geplaas. Hertzog het met sy **Suid-Afrika Eerste**-standpunt enersyds die gevoelens van talle Suid-Afrikaners vergestalt en andersyds andersdenkendes tot 'n standpuntinname gedwing.

Sy beskouing oor die rol wat hy onder sommige Suid-Afrikaners vervul het, word deur een van sy biograwe só saamgevat: "Hy het gevoel dat die Afrikaner se drang na selfstandigheid in hom gevoed en wakker gehou moet word as 'n innerlike mag wat alle uiterlike kragte en belemmeringe sou oorwin. Sy uitgangspunt was die wil om vry te wees en die geloof aan 'n mens se waarde binne jou eie volk en aan die goddelike werking van daardie volk."[33]

---

29 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force*** ..., p.23.

30 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 2 ..., (Hertzog se toespraak op De Wildt, 7 Des. 1912), pp.283,284.

31 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.313,316.

32 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 2 ..., (Hertzog se toespraak in Bloemfontein, 6 Mrt. 1913), pp.330,331.

33 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.347.

Hierdie opvatting van Hertzog het op 7 Januarie 1914 in Bloemfontein, met die stigting van die NP, neerslag gevind. Veral Artikels 3 en 4 van die Grondwet was daarop gemik om nasionalisme as beginsel van die te stigte party goed vas te lê. Artikel 3 het soos volg gelui: "... dat die party die noodsaaklikheid van die aankweek van 'n kragtige besef van 'n nasionale selfstandigheid erken en verklaar naamlik dat die belange van die Unie en sy bevolking gestel word bo die belange van enige ander land en volk". Artikel 4 het die verhouding tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk omskryf. Die goeie trou tussen die twee lande word hiermee sonder omweg erken en die mening word uitgespreek, "dat die handhawing van 'n goeie verstandhouding tussen die Unie en die Ryk afhanklik is van 'n nougesette vermyding van enige handeling waardeur die volk van die Unie in sy staatkundige vryheid ingekort of belemmer word of waardeur enige van die vryhede van die land of die se Regering onttrek word aan die onmiddellike gesag of beheer van die Unie".[34]

Uit hierdie Artikels blyk dit duidelik dat Nasionaliste hul vryheidstrewe nie aan bande wou laat lê nie. Artikel 4 bevat die kiem van Nasionaliste se strewe na ontvoogding van die Britse konneksie.

Hertzog se leuse van **Suid-Afrika Eerste**, was onmiskenbaar 'n bloudruk vir Suid-Afrikaanse nasionalisme.

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 was die eerste werklike toets vir hierdie dualistiese visies oor Suid-Afrika se posisie teenoor Brittanje en die Britse Ryk. Botha was van mening dat Suid-Afrika, as deel van die Britse Ryk, outomaties by die oorlog betrokke was. Suid-Afrika moes kies: eer, plig en trou of afvalligheid en eerloosheid.[35]

Hierdie standpunt van Botha is nie ten volle deur Hertzog gedeel nie. Hertzog het sy standpunt op 8 Augustus 1914 gestel. Hoewel hy toegegee het dat Suid-Afrika vanweë Brittanje se oorlogsposisie ook in 'n staat van oorlog verkeer het, moes Suid-Afrika nie aktief betrokke raak nie. Dit sou volgens hom niks bydra tot die stryd in Europa indien Suid-Afrika Suidwes sou inval nie. Suid-Afrika se betrokkenheid sou meebring dat slegs enkele polisiebeamptes in die Vrystaat sou

---

34 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.351,352,365,366; vgl. D.J.J. Coetzee, ***Die geskiedenis van die Nasionale Party, 1914-1921*** (ongep. M.A.-verhandeling, UOVS, 1967), p.238.

35 G.J.D. Duvenage, ***Imperialisme en nasionalisme ...***, p.76; vgl. ook B. Williams, ***Botha, Smuts and South Africa***, p.88; J. Joseph, ***South African statesman: Jan Christiaan Smuts***, p.105.

oorbly en die bevolking gevolglik ongewapen en onveilig sou wees. Hertzog het dit beklemtoon dat Suid-Afrikaners se eerste plig teenoor hul land en volk was. Hy was oortuig dat Engeland nie die reg gehad het om Suid-Afrika se aktiewe deelname te versoek nie. Hertzog se redes vir sy standpunt dat Suid-Afrika neutraal moes bly, was duidelik. Oorlogsdeelname sou nutteloos wees, die Vrystaat sou in 'n gevaarlike posisie geplaas word en boonop sou dit pligsversaking teenoor sy vaderland beteken.[36]

Ten spyte van Hertzog se teenstand teen oorlogsdeelname het die Botha-regering op Britse versoek tot die oorlog toegetree nadat 'n besluit ten gunste van Britse ondersteuning en aktiewe deelname van Unietroepe in Suidwes-Afrika deur die Volksraad aangeneem is.[37] Hierdie regeringsbesluit het 'n rebellie uit Afrikaner-geledere tot gevolg gehad wat daarop gemik was om die Regering tot ander insigte te bring. Vir baie Suid-Afrikaners het die rebellie die ideale geleentheid gebied om hul verlore onafhanklikheid te herstel. Die rebellie was van korte duur, aangesien regeringsmagte dit vinnig onderdruk het. Hierdie drang na onafhanklikheid beskryf Van den Heever as "die belangrikste dryfveer in die Afrikaner se geskiedenis."[38]

Blanke Suid-Afrikaners het in 1915 aan die tweede algemene verkiesing in die Unie deelgeneem. 'n Belangrike verkiesingstwispunt was die strydende partye se houding teenoor oorlogsdeelname. Botha het die eenheid van die Britse Ryk beklemtoon en daarop gewys dat die Regering se belange nie met dié van die Britse Ryk gebots het nie. Hertzog, daarenteen, het geglo dat 'n breë Suid-Afrikaanse nasionalisme moes ontwikkel, al was dit strydig met die Britse Ryk se belange.[39]

Die dominiums het besef dat hul krag in die vorming van 'n hegte eenheid geleë was en het gevolglik besluit om Brittanje te ondersteun. Die dominiums het in die jare

---

36 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 3: Apr. 1913 - Apr. 1918, {Hertzog se toespraak in die Volksraad, 9 Sep. 1914}, p.121.

37 B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika*** ..., p.44.

38 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.387.

39 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot*** ..., p.48.

voor die oorlog aan die beplanning van 'n Ryksverdedigingsplan meegewerk. Die betrokkenheid van die dominiums was dus tot voordeel van hulself en Brittanje.[40]

Deur oorlogsdeelname het die dominiums sterk onder die indruk gekom van die mate waarin hulle van Brittanje afhanklik was.[41] Die Eerste Ministers van Australië en Nieu-Seeland het die Britse Regering daarvan beskuldig dat regerings- en vooroorlogse ooreenkomste verbreek is. Boonop het Robert Borden, die Eerste Minister van Kanada, gesê dat dominiums voldoende inspraak in die Britse Ryk se buitelandse beleid en verhoudings moes hê.[42]

Aan die begin van 1916 het Woodrow Wilson, President van die Verenigde State van Amerika (VSA), enersyds water op die meule van alle Nasionaliste gegooi. Hy het met sy 14 punte die selfbeskikkingsreg en onafhanklikheid van die klein state bepleit.[43] Hierdie standpunt het Hertzog se visie verstewig.

Lloyd George, Eerste Minister van Brittanje vanaf Desember 1916, het andersyds 'n Ryksoorlogskabinet bestaande uit Eerste Ministers van dominiums, 'n verteenwoordiger van Indië en vyf Britse Kabinetslede saamgestel. Hierdie liggaam sou uitvoerende besluite ten opsigte van oorlogvoering kon neem. Nog 'n liggaam, die Ryksoorlogskonferensie, het uit verteenwoordigers van dominiums bestaan en sou onder voorsitterskap van die Britse Minister van Kolonies vergader. Hulle sou sake kon bespreek wat nie direk met oorlogvoering te make gehad het nie. Hoewel Brittanje steeds die senior vennoot in die Britse Ryk gebly het, sou hierdie Ryksoorlogskabinet, volgens Lloyd George, geen inbreuk op dominiums se bestaande outonomie gemaak het nie.[44]

Sir Robert Borden, die Kanadese Premier, het die Ryksoorlogskabinet as die begin van 'n nuwe era bestempel. Die liggaam was 'n geleentheid tot gelyke onderhandeling tussen Brittanje en die dominiums, sonder dat enige land sy

---

40 D.C. Watt, "Imperial defence policy and imperial foreign policy, 1911-1939: a neglected paradox?", *Journal of Commonwealth Political Studies*, vol. 1, no. 4, May 1963, pp.267,268; vgl. G.D. Scholtz, *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek, 1652-1952*, pp.263-265.

41 A.B. Keith, *The constitutional law of the British dominions*, p.3.

42 D.C. Watt, "Imperial defence policy and imperial foreign policy, 1911-1939: a neglected paradox?", ..., p.268.

43 C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog*, p.402.

44 D.O. Rhoodie, *Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...*, p.51.

outonomie prysgegee het.[45] Hierdie ontwikkeling het weer generaal Botha se visie onderskraag. Die NP was egter nie opgewonde oor die Ryksoorlogskabinet nie. Dit was, volgens hulle, ongrondwetlik en 'n poging om Ryksbande te verstewig.[46]

Tydens 'n Ryksoorlogskonferensie in Maart-April 1917 het Smuts en Borden 'n voorstel ingedien wat die beginsel van gelykheid tussen Brittanje en die dominiums neergelê het.[47] Hierdie voorstel is deur die Ryksoorlogskonferensie as Resolusie 9 aanvaar en het soos volg gelui: "The Imperial War Conference are of the opinion that the readjustment of the constitutional relations on the component parts of the Empire is too important and intricate a subject to be dealt with during the War, and that it should form the subject of a special conference to be summoned as soon as possible after the cessation of hostilities. They deem it their duty, however, to place on record their view that any such readjustment, while thoroughly preserving all existing powers of self-government and complete control of domestic affairs, should be based upon a full recognition of the dominions as autonomous nations of an Imperial Commonwealth, and of India as an important portion of the same, should recognise the right of the dominions and India to an adequate voice in foreign policy and in foreign relations, and should provide matters of common Imperial concern, and for such necessary concerted action, founded on consultation, as several Governments may determine."[48] Hierdie besluit het dus die beginsel van gelyke status neergelê.

Die onafhanklikheidskwessie was in 1917 druk onder bespreking. Teen die middel van 1917 het die Federale Raad van die NP 'n uiteensetting van sy sienswyse met betrekking tot onafhanklikheid en die Republikeinse strewe gegee. Die onafhanklikheidsdrang by 'n groot deel van die volk was eie aan die volksgeskiedenis en -karakter. Die Republikeinse gevoel onder die volk is deur die oorlogspolitiek van die Regering aangemoedig. Enige poging om die Republikeinse gevoel in die land óf teë te gaan óf te onderdruk, sou noodwendig 'n teenreaksie uitgelok het wat die rus en vrede kon verstoor. Die Federale Raad was teen aktiewe Republikeinse propaganda gekant. Die Unie se statusverandering moes,

45 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot*** ..., p.51.

46 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., p.317.

47 W.K. Hancock, ***Smuts 1: the sanguine years*** ..., p.428.

48 W.K. Hancock, ***Smuts 1: the sanguine years*** ..., p.428; vgl. ook G.S. Graham, ***A concise history of the British Empire***, p.269; H. Edelman, ***Vorming en ontvoogding van de Unie van Zuid-Afrika***, p.119.

volgens hierdie hoogste beleidmakende liggaam van die NP, deurgaans langs konstitusionele weë geskied.[49] Hertzog het geglo dat aktiewe Republikeinse propaganda Nasionaliste se strewe na onafhanklikheid kon benadeel. Die standpunt van die Federale Raad het derhalwe dié mening weerspieël.

Drie sake blyk duidelik uit die bogenoemde ontwikkeling: 'n algemene erkenning van die onafhanklikheidstrewe wat by sommige Afrikaners bestaan het, die strewe na 'n Republikeinse regeringsvorm en die begeerte om hierdie ideale op vreedsame wyse tot hul reg te laat kom.

Woodrow Wilson en Lloyd George het aan die begin van 1918 verdere uitlatings gemaak wat aan die onafhanklikheidsbeweging in Suid-Afrika besondere stukrag verleen het. George was van mening dat enige grensbepaling tydens die oorlog op die goedkeuring van die betrokke landsburgers moes berus. Hierbenewens het Wilson gemeen dat 'n vereniging in die lewe geroep moes word ten einde waarborge vir politieke onafhanklikheid en gebiedsintegriteit aan beide groot en klein state uit te reik.[50] Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie sou in 'n groot mate sy momentum en dryfkrag uit Nasionaliste se propaganda vir onafhanklikheid put.

Hertzog het in April 1918 tydens 'n toespraak op Stellenbosch 'n duidelike uiteensetting van sy vryheidsbegrip gegee. Hy het onder andere daarop klem gelê dat die volk van die Unie van Suid-Afrika die reg op 'n vrye en onafhanklike volksbestaan besit het. Die standpunte van Wilson en George oor die regte en vryhede van klein volke was, volgens Hertzog, genoeg rede om 'n beweging op tou te sit om op 'n konstitusionele wyse vryheid vir Suid-Afrika te verkry.[51]

Op 7 Augustus 1918 het die NP 'n konferensie van sy Hoofbestuurslede van al die provinsies in Bloemfontein belê. Die konferensie het verklaar dat hy bewus is van die sterk onafhanklikheidsdrang wat daar by die volk bestaan het en dat kennis van Wilson en George se verklarings aangaande die regte en vryhede van volke geneem word. Gedagtig aan die Unie van Suid-Afrika se geskiedenis en sy reg as 'n staat,

---

49 Vgl. O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., p.324; M.J. Swart, "Generaal Hertzog in die Botha-tydperk", ***Die Hertzog-annale***, jg. 16, no. 20, Des. 1967, p.64; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot*** ..., p.64.

50 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 6 ..., p.270.

51 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 3 ..., {Hertzog se toespraak in Paarl, 13 Apr. 1918}, p.321.

het die konferensie geëis dat die beginsels, soos deur George en Wilson gestel, ook op Suid-Afrika toegepas moes word. Dit moes Suid-Afrika se volkome onafhanklikheid en vryheid kon verseker. Die konferensie het ten slotte besluit dat die sentrale komitees van die NP die nodige stappe moes doen om bovermelde beginsels langs konstitusionele weë op Suid-Afrika toegepas te kry.[52]

Na afloop van die oorlog was dominiumstatus 'n baie aktuele saak. Op 16 Januarie 1919, tydens 'n vergadering van die Federale Raad van die NP, het Hertzog die Unie se status van selfregering in oënskou geneem. Volgens hom het Suid-Afrika as gevolg van die Regering se houding, 'n onderhorige status met betrekking tot Brittanje beklee.[53]

Hierdie onderhorige status het Hertzog en die Nasionaliste as vernederend beskou omdat dit, volgens hulle, Suid-Afrika se Britse konneksie ondraaglik gemaak het. Deur propagering van 'n hoër status, gelyk aan die van Brittanje, wou Hertzog aan Suid-Afrika sy vryheid gee.[54]

Ontvoogding van die Britse konneksie was vir Hertzog en sy volgelinge 'n uiters ernstige saak, trouens dit was hul uitsluitlike werksmetode om by die ideaal, 'n soewereine onafhanklike Suid-Afrika, uit te kom.

Hierbenewens het Smuts en Hertzog se opvattings oor die Britse Ryk teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog aansienlik verskil. Terwyl die Rykseenheid vir Smuts 'n belangrike saak was, het Hertzog die Britse Ryk bloot as 'n aantal wydverspreide state beskou. Smuts het die klem op die diplomatieke eenheid van die Britse Ryk geplaas en Hertzog het gewys op die bestaan van die Britse Koning se opperheerskappy. Vir Smuts was die Britse Kroon ondeelbaar, vir Hertzog was dit deelbaar. Eersgenoemde beskou dus die Britse Koning as Koning van al die dominiums en van Brittanje gesamentlik. Laasgenoemde het egter die Britse Koning as Koning van elke dominium en van Brittanje afsonderlik gesien.[55]

---

52 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.328,329; vgl. M.P.A. Malan, ***Die Nasionale Party van Suid-Afrika: sy stryd en sy prestasies, 1914-1964***, pp.49,50.

53 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 4: Apr. 1918 - Jun. 1924, {Hertzog se toespraak in Bloemfontein, 16 Jan. 1919}, pp.55,56.

54 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.416,417.

55 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, pp.55-61; vgl. F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 3 ..., {Hertzog se toespraak in Stellenbosch, 4 Mei 1917}, pp.297-300; M.H.

Hierdie vergadering van die Federale Raad het besluit dat die belange van die meerderheid blanke Suid-Afrikaners die beste gedien kon word indien 'n deputasie na die Vredeskonferensie in Parys gestuur sou word. Hertzog sou die deputasie lei.[56]

'n Deputasie swart Suid-Afrikaners het ook na Parys vertrek. Hulle doel was om aan die Britse Koning, George V, hul ongelukkigheid met die Suid-Afrikaanse Grondwet oor te dra. Die Grondwet het hulle van deelname aan die grondwetlike proses uitgesluit.[57]

In 'n onderhoud met Lloyd George het Hertzog daarop gewys dat Suid-Afrika lank reeds 'n Republikeinse tradisie besit het en dat Engeland se anneksasie van die Republieke die verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes vertroebel het. Hy het Lloyd George versoek om weer aan die Republieke hul onafhanklike status terug te gee.[58]

Die Britse Premier se antwoord hierop was dat die beginsel van selfbeskikking reeds in Suid-Afrika toegepas is. Dit sou ongevraag van hom gewees het om in die Unie se huishoudelike sake in te meng. Hy was boonop van mening dat Suid-Afrika, met betrekking tot Ryksake, volkome gelykheid geniet het. Vir die deputasie was dit duidelik dat die Britse Regering nie die verlore onafhanklikheid van die Vrystaat en Transvaal wou herstel nie. Volgens die deputasie sou die Suid-Afrikaanse volk voortaan alle beskikbare konstitusionele middels moes aanwend om ooreenkomstig die selfbeskikkingsreg van die Unie die volle en algehele onafhanklike status van 'n soewereine staat vir die Unie te bekom.[59]

Hierdie ontwikkeling het daarop gedui dat 'n bepaalde politieke denkrigting in die Unie van Suid-Afrika gevestig was, naamlik om Suid-Afrika se Britse konneksie te beëindig. Sesessie of afskeiding van die Britse Ryk het na die terugkeer van die

---

Trümpelmann, ***Generaal J.C. Smuts as premier van die Unie van Suid-Afrika, 1919-1924*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1978), pp.317,356,357.

56 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.334,335; vgl. M.P.A. Malan, ***Die Nasionale Party van Suid-Afrika*** ..., pp.50-53.

57 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1 ..., p.352.

58 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., p.340.

59 M.P.A. Malan, ***Die Nasionale Party in Suid-Afrika*** ..., p.56.

deputasie uit Europa 'n besonder sterk dryfkrag in die Suid-Afrikaanse politiek geword.

Terwyl die onafhanklike deputasie van Nasionaliste hulle vir afskeiding beywer het, het daar oor 'n breër front ingrypende ontwikkelings met betrekking tot dominiums se status plaasgevind.

Robert Borden, Eerste Minister van Kanada, het op 12 Maart 1919 'n memorandum opgestel waarin gevra word dat dominiums afsonderlike verteenwoordiging by die Vredeskonferensie kon verkry. Hierbenewens moes dominiums toegelaat word om as mede-ondertekenaars van die verdrag tot die Vredeskonferensie toe te tree. In die memorandum word ook gevra dat die Parlemente van die dominiums die reg moes ontvang om die verdrag te bekragtig. Die memorandum was as't ware die grondslag vir die dominiums se toelating tot die Vredesberaad.[60] Afgevaardigdes van Brittanje kon namens die Britse Ryk en verteenwoordigers van die dominiums namens hulle onderskeie regerings die verdrag onderteken.[61]

Smuts moes saam met Botha namens Suid-Afrika die verdrag onderteken. Smuts was terdeë bewus van die strewe van sy en Hertzog se volgelinge na die verkryging van 'n onafhanklike status vir Suid-Afrika. Ook sy ideaal dat Suid-Afrika met die ondertekening van die Verdrag van Versailles 'n hoër status as lid van die Britse Gemenebes sou bereik, het hom na 'n lang persoonlike worstelstryd finaal oorgehaal om die verdrag te onderteken.[62]

Die aanvaarding van Robert Borden se memorandum en die gepaardgaande dubbele ondertekening van die Vredesverdrag deur die dominiums dui beslis op 'n oorgangsfase in hul konstitusionele ontvoogding van die Britse Ryk. Vir die eerste keer is die dominiums toegelaat om ten opsigte van die buitelandse aangeleenthede selfstandig op te tree.

Dit was duidelik dat die dominiums na die Eerste Wêreldoorlog hul verhouding met Brittanje in 'n nuwe lig beskou het. Anders as die ander dominiums het Nieu-Seeland al voor die oorlog nouer met Brittanje saamgewerk. Terwyl die ander

---

60 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, pp.71,72; vgl. G.C. Olivier, ***Suid-Afrika se buitelandse beleid***, p.16.

61 G.C. Olivier, ***Suid-Afrika se buitelandse beleid***, p.17.

62 H.C. Armstrong, ***Grey Steel, J.C. Smuts: a study in arrogance***, p.328.

dominiums hul konstitusionele status verhoog het, het Nieu-Seeland sy Ryksbande met Brittanje verstewig.[63]

Die stigting van die Volkebond, 'n internasionale organisasie met wêreldvrede as hoogste doel, het die dominiums se onafhanklike status verder verhoog. Hulle kon op eie houtjie lidmaatskap van die organisasie bekom en selfs tot die Raad van die Volkebond verkies word. Artikel 22 van die Volkebondhandves het bepaal dat Suid-Afrika, saam met Australië en Nieu-Seeland, mandaatgebiede onder hulle toesig kon beheer en bestuur.[64] Hoewel Nieu-Seeland die Volkebond erken het, was dit bloot omdat Brittanje as rugsteun vir die organisasie opgetree het. Terwyl Brittanje en die ander dominiums die Volkebond verwelkom het, het William Massey, die Nieu-Seelandse Premier, gevrees dat die Volkebond die Ryksbande tussen Brittanje en Nieu-Seeland sou verswak.[65]

Met hierdie ontwikkeling binne die geledere van die Britse Ryk was dit dus duidelik dat desentralisasie van gesag ingetree het. Die dominiums sou met toenemende snelheid weg van die kern, Brittanje, in die rigting van uiteindelik volkome gelyke onafhanklike state beweeg.

Botha en Smuts het vroeg in Mei 1919 van Lloyd George die versekering geëis dat die Vredesdokument, die Verdrag van Versailles, Suid-Afrika nie outomaties saam met Brittanje in 'n oorlog teen Duitsland sou betrek nie. Hierdie versekering is deur die Britse Premier gegee. Hulle het dit as die bereiking van 'n hoër status vir dominiums beskou en op 12 Mei in 'n brief, wat Smuts ontwerp het, só daarop gereageer: "One result of the perfectly correct exclusion of the Dominions from the obligation which is proposed to lay on the British people may well be that in some future continental war, Great Britain may be at war and one or more of the Dominions may stand out and maintain their neutrality. But that result is inevitable, and flows from the status of independent nationhood of the Dominions".[66]


Beide Botha en Smuts het na afloop van die Vredeskonferensie baie klem op Suid-Afrika se hoër status gelê. Botha het op 24 Julie 1919 by sy aankoms in Suid-Afrika gesê dat Suid-Afrika 'n hoër posisie verkry het aangesien dit die eerste keer

63 A. Brady, ***Democracy in the dominions: a comparative study in institutions***, pp.320,321.

64 G.D.J. Duvenage, ***Imperialisme en nasionalisme*** ..., p.86.

65 A. Brady, ***Democracy in the dominions*** ..., p.321.

66 W.K. Hancock, ***Smuts 1: the sanguine years*** ..., p.522.



**Spotprent no. 1: Hertzog aan bobbejaan: Het jy nou groter vryheid?**

Bron: ***Die Burger***, 30 Jul. 1924.

was dat hy deur die wêreld as 'n onafhanklike nasie erken is. Volgens hom is die Unie op gelyke voet met Brittanje geplaas.[67] Hierteenoor was Hertzog van mening dat Suid-Afrika geen vrye volk was nie, aangesien die Regering nie self sy buitelandse sake kon reël nie.[68]

Smuts het met die verklaring van Suid-Afrika se verhoogde status reeds op die staatsregtelike implikasies van die ontwikkeling geroem, voordat dit nog op skrif gestel was. Hy was van mening dat die Unie van Suid-Afrika reeds sy hoogste graad en vorm van onafhanklikheid bereik het. Suid-Afrika het, volgens hom, onder 'n ondeelbare en gemeenskaplike kroon binne die permanente assosiasie van die Britse Ryk tot sy volle wasdom gekom.[69]

Smuts het hom, soos Hertzog, teen 1919 nie by Suid-Afrika se status van selfregering berus nie. Die twee leiersfigure was dit wel eens dat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie moes plaasvind ten einde 'n ander status vir die Unie daar te stel. Hul vertolking van die status en motiewe daarvoor het egter radikaal verskil. Smuts het as't ware die ontvoogdingsvraagstuk vanuit Britse Gemenebes-perspektief benader. Gevolglik het ontvoogding vir hom primêr gegaan oor die belangriker rol wat Suid-Afrika as lid van die Britse Gemenebes moes vervul. Vandaar sy verwysing na 'n hoër status. Van sesessie was daar by Smuts dus geen sprake nie.

In die geledere van die NP is die spot gedryf met Smuts se beskouing dat Suid-Afrika na die Vrede van Versailles 'n hoër status beklee het. D.C. Boonzaaier, spotprenttekenaar van ***Die Burger***, 'n mondstuk van die NP, het Smuts se siening as 'n bobbejaan vasgeketting aan 'n paal, voorgestel. Die bobbejaan, sinnebeeld van Suid-Afrika se soewereine status, is steeds verbind aan die Britse Ryk wat deur die paal voorgestel word.[70]

***Die Burger*** wou gevolglik aantoon dat Smuts se mening oor Suid-Afrika se hoër status bloot 'n skynvryheid vir Suid-Afrika beteken het.

---

67 J. Meintjies, ***General Louis Botha ...***, p.296; vgl. G.D. Scholtz, ***Hertzog en Smuts en die Britse Ryk***, p.74; vgl. C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.430.

68 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, pp.477,478; F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 3 ..., (Hertzog se toespraak op Smithfield, 1 Jul. 1914), p.112.

69 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.87.

70 Vgl. spotprent no. 1, p.26a.

Hertzog, aan die ander kant, het die ontvoogdingskwessie vanuit 'n vaste oortuiging dat Brittanje Suid-Afrikaners se nasionale strewe na vryheid moes erken, benader. Sesessie was daarom 'n voorvereiste om vir Suid-Afrika 'n groter mate van onafhanklikheid te verkry.

Na die dood van generaal Botha en Smuts se oorname van die premierskap het die NP- en die SAP-leiers versoening tussen hulle volgelinge probeer bewerkstellig. Die pogings het egter in September 1920 in 'n doodloopstraat beland, aangesien die NP en die SAP mekaar nie oor Suid-Afrika se reg op afskeiding met die Britse Ryk kon vind nie. Hertzog het geglo dat die Unie die reg op afskeiding van die Britse Ryk gehad het. Smuts daarenteen, het afskeiding skerp veroordeel.[71]

Gedurende die volgende jaar het hierdie ontvoogdingsproses 'n nuwe wending geneem. Op die 1921-Rykskonferensie sou die dominiums se status onder die soeklig kom. Smuts het begryplikerwys die verhoogde status van Suid-Afrika en die dominiums voorgestaan. Die verteenwoordigers van Australië, Nieu-Seeland en Brittanje was nie positief oor Smuts se voorstel dat 'n konstitusionele konferensie 'n verklaring oor die dominiums se status moes uitreik nie.[72] Die besluit van die 1921-Rykskonferensie dat 'n nuwe Rykskonstitusie oorbodig sou wees, is deur Lloyd George verdedig. Sir Robert Borden, Eerste Minister van Kanada, het daarop gewys dat dominiums nog nie voldoende seggenskap in die Britse Ryk se buitelandse beleid en verhoudings gehad het nie.[73] Die skrywer A.B. Keith sê tereg: "The Imperial Conference of 1921 seemed indeed to arrest development."[74]

Waarom het Smuts se voorstel die wind van voor gekry? Dit was duidelik dat die klimaat vir ontvoogding, soos wat Smuts daaroor gedink het, nog nie ryp was nie. Waarskynlik het die opvatting bestaan dat Smuts se voorstel disintegrering van die Britse Ryk in die hand sou werk.[75]

Hoe dit ook al sy, dat Smuts 'n belangrike rol in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gespeel het, kan nie betwyfel word nie. Daarvan getuig sy siening

---

71 D.J.J. Coetzee, *Die geskiedenis van die Nasionale Party ...*, pp.141-147; vgl. B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika ...*, p.97.

72 M.H. Trümpelmann, *Generaal J.C. Smuts as premier ...*, pp.324-326.

73 A.B. Keith, *The sovereignty of the British dominions*, p.5; vgl. G. Elton, *Imperial Commonwealth*, p.490.

74 A.B. Keith, *The constitutional law of the British dominions*, p.10.

75 W.K. Hancock, *Smuts 2: the fields of force ...*, pp.41,42.

met betrekking tot verskeie aspekte van die ontvoogdingsproses. Hy sou graag die naam van Britse Ryk na Britse Gemenebes van Nasies wou verander het. Hy was van mening dat die "Colonial Office" nie Suid-Afrika se kommunikasiekanaal met Engeland moes wees nie. Volgens Smuts moes die Goewerneur-generaal nie die Britse Regering nie maar slegs die Britse Koning verteenwoordig. Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge is steeds deur die Britse Ministerie van Buitelandse Sake bedryf. Dit was vir Smuts heeltemal onaanvaarbaar en hy was van mening dat Suid-Afrika sy eie diplomatieke verteenwoordigers in die buiteland moes aanstel.[76]

Voor die einde van 1921 sou die dominiums se internasionale erkenning getoets word. Verteenwoordigers van die VSA, die Britse Ryk, Frankryk en Japan het teen die einde van 1921 in Washington vergader ten einde 'n beperking op seemagte te bewerkstellig. Die doel hiervan was om vrede in die Stille Oseaangebied te bewaar.[77]

Amerika het nie 'n uitnodiging aan een van die dominiums gerig nie.[78] Dit was duidelik dat Amerika, sover dit die Washington-konferensie aangegaan het, die dominiums steeds as 'n onafskeidbare deel van Brittanje beskou het. Vir Hertzog was Amerika se optrede verstaanbaar aangesien die dominiums se status tweeslagtig was. Die dominiums was onderdele van die Britse Ryk en tog terselfdertyd ook afsonderlike individuele state met 'n vrye volkstatus.[79] Hierdie insident het vir Hertzog getoon dat die dominiums nie as waarlik vry en onafhanklik deur die res van die wêreld geag is nie. Smuts het hiermee saamgestem. Hy was oortuig dat Amerika se optrede 'n terugslag vir die dominiums se status as vrye en onafhanklike volke was.[80]

Brittanje het dominiumministers genooi om deel van die Britse afvaardiging te vorm. Dit was vir Smuts 'n lae hou, aangesien hy 'n hoë premie op die optrede van die Britse Ryk as 'n geheel geplaas het. Hy het sy teleurstelling soos volg uitgespreek: "At Washington team work has been rendered impossible because the team has

---

76 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force*** ..., pp.38-44.

77 M.H. Trümpelmann, ***Generaal J.C. Smuts as premier*** ..., pp.324-326.

78 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 4 ..., (Hertzog se toespraak op Smithfield, 11 Nov. 1921), p.206; vgl. C.M. MacInnes, ***The British Commonwealth and its unsolved problems***, p.21.

79 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 4 ..., (Hertzog se toespraak op Smithfield, 11 Nov. 1921), pp.207,208.

80 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 6 ..., p.493.

disappeared, and there is only a one horse show."[81] Hoewel hy dominiums as vrye onafhanklike state beskou het, het hul tog volgens hom 'n eenheid met Brittanje gevorm. Aangesien die Washington-konferensie nie Smuts se teorie vergestalt het nie, het dit sy aanspraak op verhoogde status gevolglik 'n knou toegedien.

Terwyl beide Hertzog en Smuts gelyke status aan Brittanje vir die dominiums in die oog gehad het, was dit duidelik dat Smuts 'n Britse Rykseenheid as voorvereiste vir die verkryging daarvan gestel het.

Ander dominiums het uiteenlopende menings oor hierdie statusdilemma gehuldig. Terwyl Nieu-Seeland van mening was dat die dominiums nie in hul eie reg by die Washingtonse konferensie verteenwoordig was nie, het Kanada juis die unieke en eiesoortige status van die dominiums beklemtoon.[82] Kanada het daarom in 1923 op eie houtjie 'n verdrag met die VSA gesluit. In dié verdrag is nie eens na Brittanje verwys nie.[83]

In September 1922 het die Britse Regering weer die dominiums se hulp ingeroep nadat besluit is om die Turkse Nasionaliste se aanslag op Konstantinopel en Chanak teen te gaan. Hoewel aktiewe steun nie nodig was nie, het Suid-Afrika en Kanada kategories geweier om Brittanje te steun.[84] Op die Lausanne-vredeskonferensie waar Brittanje en die Turke samesprekings gehou het, was geen dominium verteenwoordig nie. Dit het ook duidelik hul houding weerspieël.[85]

Bogenoemde uiteenlopende handelwyses en vertolkings is gedurende 1923 op die spits gedryf. Die 1923-Rykskonferensie sou finaal 'n einde aan hierdie pogings maak om een buitelandse beleid vir die Ryk daar te stel. Resolusie 9 het bepaal dat elke dominium 'n bilaterale verdrag met enige ander moondheid kon aangaan. Op hierdie wyse is Kanada se verdrag met die VSA gevolglik goedgekeur. Dominiums

---

81 W.K. Hancock & J. van der Poel, ***Selection from the Smuts papers***, vol. 5: Sep. 1919 - Nov. 1934, pp.66-77.

82 M.H. Trümpelmann, ***Generaal J.C. Smuts as premier ...***, p.337.

83 B. Porter, ***A short history of British imperialism, 1850-1970***, p.267; vgl. A.B. Keith, ***The sovereignty of the British dominions***, p.47; Institute for Contemporary History (INCH), Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P5.45: C.J. Burchell, The Statute of Westminster and its effect on Canada, 1945.

84 B. Porter, ***A short history ...***, p.267.

85 G. Elton, ***Imperial Commonwealth***, p.490.

kon hierdie verdrae self onderteken en na eie goeddunke bekragtig.[86] Die Rykskonferensie van 1923 het 'n nuwe era vir die Britse Ryk ingelui. Die tydperk van gesamentlike buitelandse optrede deur Brittanje en die dominiums het met dié ontwikkeling geëindig.

Intussen is die Suid-Afrikaanse politieke toneel in 1923 met die oog op die komende verkiesing vir gesamentlike binnelandse optrede tussen politieke partye voorberei. Vir Hertzog, die opposisieleier, was daar 'n moontlikheid om Smuts uit die regeringskussings te lig. Hy kon aansluiting by die Arbeidersparty (AP) vind deur aktiewe propaganda van ontvoogding van die Britse konneksie af te sweer. Hoewel F.H.P. Creswell hom skerp teen sesessie uitgespreek het, het hy tog Hertzog se siening dat Suid-Afrika oor neutraliteitsreg beskik het, gedeel.

Gevolglik het Hertzog en Creswell besluit om saam te werk. In die 1923-PAKT-ooreenkoms wat hulle gesluit het, is bepaal dat geen NP-parlementslid, indien die Smuts-bewind verslaan word, sy steun aan enige stap of optrede sou toesê waardeur die bestaande verhouding met Engeland belemmer kon word nie.[87]

In 1924 het Hertzog gevolglik met die steun van die AP van kolonel Creswell aan bewind gekom. Hertzog het vir J.H. Thomas, Britse Minister van Dominiale Sake, laat weet dat hy die bestaande verhouding tussen Suid-Afrika en Brittanje wou handhaaf, maar steeds met behoud van die leuse **Suid-Afrika Eerste.**[88]

Die motief vir sy houding teenoor Thomas was daarin geleë dat hy Engelssprekendes se sentiment vir die behoud van die Britse konneksie in ag wou neem. Dit was vir hom belangrik aangesien Hertzog konsiliasie tussen die twee blanke rassegroepe wou bewerk om sy ideaal van 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie te verwesenlik. Vandaar sy verklaring dat Brittanje altyd as Suid-Afrika se eerste en beste vriend gereken kon word.[89]

---

86 D.C. Watt, "Imperial defence policy and imperial foreign policy, 1911-1939: a neglected paradox?", ..., p.271.

87 H.B. Koen, ***F.H.P. Creswell en die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1985), pp.209,210.

88 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.460; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.120.

89 J.H. le Roux, "Die Rykskonferensie van 1926 as bindingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek", ***Joernaal vir Eietydse Geskiedenis en Internasionale Verhoudinge***, jg. 3, no. 2, Sep. 1978, p.24.

Terwyl Hertzog die gedagte van konsiliasie voorheen summier verwerp het, het hy dit sedert die twintigerjare sterk begin bepleit.

Vir Botha en Smuts het konsiliasie beteken dat Suid-Afrika se Britse konneksie 'n gegewe werklikheid was. Versoening tussen blanke Suid-Afrikaners, meer bepaald Afrikaans- en Engelssprekendes, moes daarop gebou word. Hertzog was egter oortuig dat die betekenisinhoud wat Botha en Smuts aan konsiliasie verleen het, Afrikaanssprekende blanke Suid-Afrikaners in 'n minderwaardige posisie teenoor hul Engelssprekende blanke landgenote sou plaas en noodwendig sou vervreem. Konsiliasie kon volgens hom slegs op 'n beginsel van gelykheid berus.

Hierdie gelykheidsbeginsel is sedert die Vrede van Versailles in 1919 algemeen tussen Gemenebeslande erken en toegepas.

Hertzog het sedertdien geglo dat die Suid-Afrikaanse politieke klimaat voorberei was om sy vertolking van konsiliasie, op 'n beginselbasis van gelykheid tussen Afrikaans- en Engelssprekende blanke Suid-Afrikaners, te aanvaar.

Hertzog se optrede het 'n tweeledige uitwerking gehad. Dit het enersyds die weg vir die ontplooiing van Suid-Afrika se konstitusionele status voorberei. Andersyds het dit spanning met Engelssprekendes, wat met hom oor sesessie gebots het, verlig.[90]

In 1925 is die Verdrag van Locarno gesluit. Dit het die westelike grense van Duitsland met België en Frankryk bepaal en die broosheid van die diplomatieke eenheid van die Britse Ryk beklemtoon. Die betekenis van hierdie verdrag was dat die Afrikaner-nasionalis met sy ideaal van 'n soewereine, onafhanklike Suid-Afrika in vele opsigte bevoordeel het. Elke dominium het daarvolgens die reg gehad om oor sy eie buitelandse beleid te beslis. Ryksamewerking sou slegs van toepassing wees wanneer gemeenskaplike belang in die gedrang sou kom. Hierdie verdrag het die selfstandigheid van dominiums op die 1923-konferensie bevestig.

Artikel 9 van die Locarno-verdrag het bepaal dat dominiums geensins verplig was om die verdrag te onderteken nie. Die dominiums het derhalwe nie die verdrag onderteken nie en Austen Chamberlain, Britse Minister van Buitelandse Sake, het

90 C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.460.

erken dat slegs die dominiums se eie Parlemente verpligtings namens hulle kon onderneem.[91]

Lloyd George, die voormalige Britse Eerste Minister, was bekommerd oor die uitwerking wat die Verdrag van Locarno op die Britse Ryk sou hê. Hy was van mening dat die verdrag 'n breuk in die diplomatieke eenheid van die Ryk sou meebring.[92]

In Pretoria het Smuts die League of Nations Society aangaande sy kommer oor die toekomstige verhouding tussen die dominiums en die Britse Ryk ingelig. Volgens hom het Brittanje in die fase skerp van sy eertydse buitelandse beleid afgewyk. Die Britse Ryk het, volgens Smuts, vir die eerste keer nie as 'n verenigde front opgetree nie en dit sou 'n presedent vir die toekoms skep. Die verswakking van die Ryk was vir Smuts een van die grootste rampe wat die wêreld kon tref. Hy het gevolglik 'n beroep op dominiums gedoen om nie slegs hul nasionale belange nie, maar ook hul Ryksbelange te bevorder.

Hertzog daarenteen het die verdrag verwelkom. Dit was vir hom die ideale skuif om die klimaat voor te berei vir wat hy beoog het. In die praktyk kon die dominiums hulself van Brittanje losmaak. Hy het juis na 'n geskrewe waarborg van die dominiums se soewereine onafhanklike status gestrewe.[93]

Dit was vir Hertzog aan die begin van 1926 duidelik dat daar grootskaalse verwarring oor die dominiums se status geheers het.[94] Gevolglik was Hertzog vasbeslote om alle verwarring oor Suid-Afrika se onderhorigheid aan Brittanje uit die weg te ruim. Dit was noodsaaklik vir Suid-Afrika se selfrespek en nasionale selfstandigheid om gelyke status met Brittanje te verkry. Daarbenewens het 'n onderhorige status die gesonde samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes benadeel.[95]

---

91 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.129,130.

92 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.129.

93 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.130,131.

94 G.D.J. Duvenage, ***Imperialisme en nasionalisme*** ..., p.101.

95 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.121.

Hy het dan ook verklaar dat hy die Rykskonferensie in Londen gaan bywoon ten einde te verseker dat die Unie en Brittanje gelyke status sou verkry. Daarna moes die gelykheid formeel aan die wêreld bekend gemaak word.[96]

Hertzog het voor die opening van die konferensie heelwat korrespondensie gevoer met L.S. Amery, Staatsekretaris vir die Britse kolonies. Daarin, sowel as in sy besprekinge met ander Eerste Ministers van die Dominiums, het Hertzog dit beklemtoon dat hy en Smuts in vele opsigte ooreengestem het.[97]

In die middel van die twintigerjare is die klimaat dus indirek vir koalisie en samesmelting voorberei wat bykans 'n dekade later eers sou realiseer.

Hertzog het by die opening van die konferensie in Oktober 1926 verduidelik dat die Unie sy vrye volksbestaan op 'n grondslag van gelykheid met ander lede van die Britse Stategemeenskap wou beoefen.[98] Hy het gesê Suid-Afrika verlang 'n amptelike verklaring oor sy posisie in die Britse Ryk. Suid-Afrika was volgens Hertzog geensins van plan om uit die Britse Ryk te tree nie. Die Premiers van die dominiums en verteenwoordigers van Ierland en Indië, asook Britse Ministers van Dominiums en van Buitelandse Sake, het onder voorsitterskap van lord Balfour die Balfour-verklaring uitgereik:[99] "Die dominiums en Brittanje is outonome gemeenskappe binne die Britse Ryk, gelyk in status, op generlei wyse in enige aspek van hul binnelandse of buitelandse sake die een ondergeskik aan die ander nie, hoewel verbonde deur hulle gemeenskaplike trou aan die kroon en vryelik verenig as lede van die Britse Gemenebes van Nasies."[100]

Dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, en Tielman Roos, Minister van Justisie, was oortuig dat Hertzog met die Balfour-verklaring 'n mylpaal op die pad

---

96 ***Rand Daily Mail***, 7 Sep. 1926: report; vgl. P. Meiring, ***Tien politieke leiers***, p.12.

97 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force*** ..., p.200.

98 ***Die Burger***, 21 Okt. 1926: hoofartikel; vgl. J.H le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.145.

99 H.D. Hall, "The genesis of the Balfour declaration of 1926", ***Journal of Commonwealth Political Studies***, vol. 1, no. 3, Nov. 1962, p.169.

100 Unie van Suid-Afrika, ***Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland***, p.18; H.D. Hall, "The genesis of the Balfour Declaration of 1926", ..., p.162; Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.252: Federale Raad van die Nasionale Party, Die vrug van vier jare, 1924-1928, ('n kort opsomming van die werk van die Hertzog-regering).

van konstitusionele ontvoogding van die dominiums bereik het. Malan het die verslag van die Rykskonferensie beskryf as die belangrikste politieke gebeurtenis in die wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse nasie. "Dit beteken niks minder nie as ons volle mondigverklaring binnekant die Britse Stategemeenskap van Nasies en voor die volke van die wêreld. As woorde enige betekenis het, dan besit ons nou die vryhede en regte wat gewoonlik bestempel word as soewereine onafhanklikheid".[101]

Volgens Roos was die Balfour-verklaring 'n persoonlike triomf vir Hertzog, aangesien hy die eerste Suid-Afrikaanse staatsman was wat 'n geskrewe erkenning van die Rykskonferensie oor Suid-Afrika se status kon verkry.[102] Smuts het egter gemeen dat die Balfour-verklaring die konstitusionele posisie soos dit sedert die Verdrag van Versailles vertolk was, gehandhaaf het. Hy het steeds geglo dat die diplomatieke eenheid van die Britse Ryk deur die Balfour-verklaring onaangetas gelaat was.[103] Smuts het die gelyke status van dominiums lank voor die Balfour-verklaring van 1926 met Brittanje as voorwaarde vir die voortbestaan van die Britse Ryk beskou. Hy het dit sterk beklemtoon dat geen beleid van die Britse Ryk sonder die instemming van al sy lede geformuleer kon word nie.[104] Hy het sy oortuiging uitgespreek dat die Unieparlement die finale sê aangaande Suid-Afrikaanse aangeleenthede gehad het.

Dit is egter ook duidelik dat Smuts se idees oor gelyke status, onderlinge raadpleging tussen lede van die Britse Ryk en 'n soewereine Parlement in dominiums bygedra het tot die skepping van 'n politieke klimaat waaruit die Balfour-verklaring gebore is. Die rede hiervoor is dat Smuts en Botha reeds in 1919 Lloyd George se instemming verkry het dat Suid-Afrika die reg op neutraliteit besit het. Smuts se memorandum wat hy in Junie 1921 opgestel het ten einde 'n algemene verklaring van konstitusionele regte van die 1923-Rykskonferensie te verkry, was in vele opsigte die voorloper van Hertzog se voorstelle oor 'n statusverklaring by die 1926-Rykskonferensie.[105]

---

101 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.148.

102 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.148.

103 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.147,148.

104 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force*** ..., pp.39,40.

105 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force*** ..., pp.200,201.

Die Balfour-verklaring was die verwesenliking van Hertzog se strewe om van Suid-Afrika 'n soewereine, onafhanklike staat te maak. Volgens ***Die Burger*** was die algehele verwerping van die oppergesaggedagte en die volle erkenning dat elke dominium homself bestuur van groot betekenis vir die Afrikaner-nasionalis se strewe na groter staatkundige onafhanklikheid. Die ***Rand Daily Mail*** het die Balfour-verklaring beskou as die belangrikste konstitusionele dokument wat nog in die geskiedenis van die Britse Ryk gepubliseer is. Volgens die blad sou die verklaring van vryheid en gelykheid Ryksbande versterk. Aan die buitewêreld sou dit die solidariteit van die Britse Ryk vertoon. Die ***The Cape Argus*** het gemeen dat die Balfour-verklaring slegs die status wat dominiums by die Verdrag van Versailles verwerf het, omskryf het.[106] Die blad het dit beklemtoon dat 'n gemeenskaplike buitelandse beleid belangrik was vir 'n ware gees van samewerking in die Britse Ryk.[107]

Ryksgesindes was onrustig oor die algemene tevredenheid in die NP-geledere oor die Balfour-verklaring. Onder Nasionaliste was daar egter 'n verdeeldheid met betrekking tot die betekenis wat hulle aan die Balfour-verklaring geheg het. Hertzog en enersdenkendes was van mening dat die verklaring aan Suid-Afrika volkome soewereine onafhanklikheid gegee het. Andersdenkendes in die NP, soos Roos, het gemeen dat die Balfour-verklaring Suid-Afrika slegs 'n tree nader aan onafhanklikheid gebring het.[108]

Die dominiums was dit eens dat hul Parlemente nie die Balfour-verklaring hoef goed te keur nie. Suid-Afrika het hierdie verklaring eers in 1928 goedgekeur. Australië, Nieu-Seeland en Newfoundland het die Balfour-verklaring as't ware verwerp. Laasgenoemde se Eerste Minister het verklaar dat hulle nie gelyke status met Brittanje wou hê nie. Kanada het 'n neutrale houding ingeslaan. Aangesien Ierland nooit erken het dat hy 'n minderwaardiger status as Brittanje beklee het nie, was hy in 'n beperkte mate tevrede gestel.[109]

Dat Hertzog die Balfour-verklaring as 'n persoonlike triomf beskou het, spreek vanself. Die Balfour-verklaring het daartoe gelei dat die NP Artikel 4 van sy

---

106 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.148,149.

107 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.149.

108 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.150.

109 A.B. Keith, ***The sovereignty of the British dominions***, pp.13-19.

Program van Beginsels weer in oënskou geneem het. Die party het gevoel dat volkome soewereine onafhanklikheid bereik is.[110] Hertzog het in April 1928 tydens 'n Federale Raadsvergadering gevolglik 'n wysiging van dié Artikel voorgestel. Dit het daarop neergekom dat die NP die gelyke status van die dominiums en Brittanje, soos neergelê in die Balfour-verklaring, aangeneem het. Hulle was dit eens dat die Unie se soewereine onafhanklike status aan hom die mag verleen het om sy staatsfunksies na goeddunke uit te voer. Met die aanvaarding van die Rykskonferensiebesluit wat in 1928 in die Volksraad geneem is, het die NP hom sterk teen enige pogings, beleid of handeling wat daarop gemik was om bestaande vryheid of regte in te perk, uitgespreek. Die party het onderneem om enige sodanige pogings met alle beskikbare konstitusionele middele te beveg.[111]

Hierdie voorstel van Hertzog het, soos verwag kon word, die Republikeine in die geledere van die NP omgekrap.[112] Dit was veral N.J. van der Merwe, NP-Lid van die Volksraad (LV) vir Winburg, H.D.J. van Broekhuizen, NP-LV vir Pretoria-Suid en C.R. Swart, NP-LV vir Ladybrand, se pro-republikeinse houding wat aangetoon het dat daar onder baie van Hertzog se ondersteuners 'n begeerte was om die Britse konneksie te verbreek.[113]

Dit was duidelik dat Hertzog na die 1926-konferensie met Suid-Afrika se Britse konneksie tevrede was. Hy was oortuig dat die volksvryheid na hierdie ontwikkeling binne die Britse Ryk gewaarborg was.[114]

Om verdere vergestalting aan die status van die Unie te gee, het Hertzog in 1927 'n Departement van Buitelandse Sake in die lewe geroep. In 1929 is die eerste buitengewone gesante en gevolmagtigde ministers in Washington, Den Haag en Rome aangestel. In dieselfde jaar is 'n geakkrediteerde verteenwoordiger van Suid-Afrika by die Volkebondskantoor in Genéve aangestel.[115]

---

110 L.E. Neame, ***General Hertzog: prime minister of the Union of South Africa since 1924***, p.266.

111 INEG, Bloemfontein, Federale Raad van die Nasionale Party, PV 54, lêer 1, Korrespondensie, notuleboek van die Federale Raad en bylaes: notule, 26 Apr. 1928; vgl. L.E. Neame, ***General Hertzog*** ..., p.266.

112 L.E. Neame, ***General Hertzog*** ..., p.268.

113 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.164,165.

114 G.C. Olivier, ***Suid-Afrika se buitelandse beleid***, p.23.

115 G.C. Olivier, ***Suid-Afrika se buitelandse beleid***, p.18; vgl. ook INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P23.1: J.B.M. Hertzog, Suid-Afrika Eerste, 28 Aug. 1968 -21 Sep. 1968, {22 praatjies}.

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie het telkens met die hou van internasionale konferensies nuwe betekenis verkry. Die wetlike implikasies van die Balfour-verklaring moes nog in wetgewing vasgelê en prakties toegepas word. Die beskrywing oor die posisie van die Koning se titel, die rol en posisie van die Goewerneur-generaal, die wetgewende soewereiniteit van die Parlement en die afskaffing van die appèlreg na die Geheime Raad moes ook nog bepaal word. Heelparty van hierdie konstitusionele aangeleenthede was op die sakelys van 'n konferensie van deskundiges wat vanaf Oktober tot Desember 1929 in Londen byeengekom het. Die konferensie het amptelik as die Konferensie oor die funksionering van Vrygewestelike, Handels- en Skeepswetgewing bekend gestaan.[116]

Beide Hertzog en Smuts het in Mei 1930 in die Volksraad standpunt oor die betekenis van die bogenoemde 1929-konferensie ingeneem. Hertzog het dit duidelik gestel dat die ou konstitusionele bedeling ten einde geloop het. Die konferensie sou die beginsel van gelykheid in die praktyk implementeer. Hertzog het ook Suid-Afrika se reg op afskeiding beklemtoon. Smuts het, in teenstelling met Hertzog, nie absolute wetgewende gelykheid tussen Brittanje en die dominiums onderskryf nie. Só 'n toestand sou volgens hom tot die verbrokkeling van die Britse Ryk aanleiding gee. Smuts het Suid-Afrika se reg op sesessie en neutraliteit ontken.[117]

Die debat het getoon dat die SAP en die NP skerp verskil het oor Suid-Afrika se reg op neutraliteit wanneer Brittanje in 'n oorlog verkeer, Suid-Afrika se reg om af te skei van die Britse Ryk en Suid-Afrika se reg om op 'n eie afsonderlike Koning aanspraak te maak. Terwyl die NP op hierdie regte aanspraak gemaak het, het die SAP die bestaan van sulke regte ten sterkste ontken.[118]

## 1.3 SAMEVATTING

Die stryd en botsings tussen die twee uiteenlopende konstitusionele denkpatrone in die Suid-Afrikaanse politiek, naamlik die imperialistiese en nasionalistiese rigtings, was aan die begin van die dertigerjare steeds baie duidelik waarneembaar.

---

116 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot*** ..., p.161.

117 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.168,169.

118 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.170.

Aan die begin van die dertigerjare was die Britse konneksie as gevolg van die voorafgaande ontwikkeling aansienlik losser as 20 jaar vroeër. Die enigste saambindende krag wat nog oorgebly het was die Britse Kroon. Teen die dertigerjare het daar drie groot konstitusionele verskille tussen Smuts en Hertzog uitgekristaliseer. Dit was die reg om neutraal te staan wanneer Brittanje in oorlog verkeer, die reg om van die Britse Ryk af te skei en die vraag of die Britse Kroon deelbaar was of nie.

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie is in die twintigerjare sterk deur politici se houding teenoor sesessie beïnvloed. Hertzog het ongetwyfeld die prominentste rol gespeel. Die klemverskuiwing wat Hertzog in sy politieke opvatting oor die sesessievraagstuk aangebring het, was van kardinale belang vir die ontvoogdingskwessie. Diegene wat 'n hoë premie op Suid-Afrika se Britse konneksie geplaas het, het begin glo dat Hertzog straks Suid-Afrikaners se Britse verbintenis as 'n gegewe werklikheid aanvaar het. Hierdie persone het geglo dat Hertzog se ontvoogdingsproses uitgedien was.

Uit alles blyk dit duidelik dat Hertzog se visie van die Britse konneksie tegelyk 'n bedreiging en 'n uitdaging verteenwoordig het. Voor die uitreiking van die Balfour-verklaring in 1926 was die Britse konneksie vir hom sinoniem met 'n minderwaardige status wat Suid-Afrika teenoor Brittanje beklee het. Na die Balfour-verklaring, toe gelyke status tussen Suid-Afrika en Brittanje erken is, het die Britse konneksie vir Hertzog totaal 'n ander betekenisinhoud aangeneem. Die Britse konneksie het vir hom as't ware die vrye onafhanklike status van die Unie gewaarborg. Dit was vir hom 'n uitdaging om hierdie status binne die Britse Gemenebes van Nasies uit te leef.

Klemverskille tussen Nasionaliste in hul vertolking van die praktiese toepassing van die Unie se soewereine onafhanklike status het teen die middel-dertigerjare op die voorgrond van die Suid-Afrikaanse politieke toneel getree.

---oOOo---